Wêreldbiddag vir Vroue 2023

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Riglyne vir die leier

Liewe Leier / Koördineerder

November 2022

Ons groet jou in die wonderlike naam van God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees! Die Wêreldbiddag is ’n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om ’n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 streke en lande) word dieselfde tema, met dieselfde formaat vir die erediens, gevier. Op hierdie manier word die goue draad van ons Verlossing deur Jesus Christus bevestig, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat. Dit is wonderlik om deel van so ’n ongelooflike gebedsketting te wees.

Baie dankie dat jy bereid is om die diens vir 2023 in jou kerk of gemeenskap te organiseer. Die laaste twee jaar was besonder uitdagend vir Suid-Afrika. Na die vernietigende uitwerking van die Covid-19 pandemie vanaf 2019-2022, is die kerkgemeenskap stadig maar seker weer besig om kop op te tel. Ons het so verlang na die heerlike geselligheid in ons tradisionele geloofsgemeenskappe.

Die tema vir Wêreldbiddag 2023 spoor ons aan om ons geloof in Christus opnuut te bevestig en te bely. Ons Hemelse Vader bemoedig en spoor ons aan: “Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie.” (Efesiërs 1:15-16). Kom ons fokus en wy ons toe om God nie teleur te stel nie, maar ons geloof te laat groei en mekaar te versterk.

Die program vir die diens is deur Taiwan, onder leiding van die Internasionale Komitee, saamgestel. Die Programkomitee van Suid-Afrika het dit vir Suidelike Afrika se unieke omstandighede aangepas, en dit word in 8 van ons amptelike tale vertaal. Die program dien as riglyn in die beplanning van die aanbiddingsgeleentheid. Dit is nie ’n rigiede program nie, en jy is welkom om aanpassings te maak om die styl van aanbidding, liedere en behoeftes in jou omgewing te akkommodeer.

***VOORSTELLE VIR DIE AANBIEDING VAN DIE TEMA*, ”Ek het van julle geloof gehoor...”**

- *Kyk na die Voorbereidings op p. 3 van die Program.*
- *Deel by die deure ’n kaartjie vir elke vrou uit om gedurende Refleksie/ Nadenke te gebruik.*
- *Tafel in die Liturgiese area: Versier die tafel met ’n blou tafeldoek, (Taiwan word deur die oseaan omring), ’n groen doek, wat die bergpieke voorstel, ’n geel en ’n wit doek, wat die natuurlike hulpbronne voorstel.*
- *Versier die tafel met lelies en orgideë of vou papierblomme, asook ’n Bybel, oop by Ef. 1:15-19.*
- *Plaas ’n kaart van Taiwan in die vorm van ’n legkaart op die tafel.*
- *Maak die storie lewendig in jul eie konteks, en laat elkeen na binne kyk en haar geloof in God evalueer.*
- *Ruim genoeg geleentheid vir persoonlike, sowel as behoeftes van die gemeenskap, in gedurende Spontane Gebed.*
- *Die Power Point en Musiek-CD is beskikbaar om ekstra agtergrond en atmosfeer aan die diens te verleen.*

KUNSWERK OP DIE VOORBLAD: “Ek het van julle geloof gehoor…”

Die vroue sit in stil gebed by ’n stroompie, terwyl hul opkyk na die donkerte. Ten spyte van die onbekende pad wat voorlê, weet hul dat hul Verlossing in Christus lê.
Twee bedreigde spesies word uitgebeeld: die *Mikado-pheasant* en die *Blackfaced Spoonbill*.
Die groen gras en skoenlaper-orgideë staan uit teen die donker agtergrond. Die groen gras simboliseer die Taiwanese bevolking as eenvoudig, selfversekerd, sterk en onder God se sorg.

BEMARKING

Die Biddag moet so wyd as moontlik in werkspekke, Laer- en Hoërskole, Bybelstudiegroepe, damesontbyte, aftree-oorde, ens aangebied word. Adverteer hierdie geleentheid asseblief wyd en syd.

FINANSIES

Kollektes wat opgeneem word, is die enigste bron van inkomste vir die Wêreldbiddag, en ons versoek u om dit asb aan die Nasionale Kantoor oor te betaal. Die Wêreldbiddag betaal donasies aan instansies in verskillende provinsies, soos besluit deur die Nasionale Komitee. Dit word jaarliks namens al die vroue van die Wêreldbiddag uitbetaal, wat ons eenheid in Christus bevestig. Omdat die kontantfooie by banke so hoog is, vra ons mooi dat u, sover as moontlik, internetbetalings doen.

Indien jy enige navrae het, kontak ons gerus by 082 450 9305
Of stuur ’n epos na wwdpsa@gmail.com / Webtuiste (www.wwdp.co.za)

Women's World Day of Prayer 2023

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Guidelines for the Leader

Dear Leader / Coordinator November 2022

We greet you in the mighty name of God, our Father, Son and Holy Spirit! The World Day of Prayer is a worldwide ecumenical movement of Christian women, men and children who come together annually to observe a common day of prayer.

All over the world (176 regions and countries) the same theme is observed, together with the order of service. The golden thread of our Salvation through Jesus Christ is therein confirmed, no matter in which part of the world we live, or whatever language is spoken. It is amazing to be part of this chain of prayer.

Thank you for organizing the worship service for 2023 in your local church or community. The past two years have been extremely challenging for South Africa. After the Covid-19 pandemic hit the world so unexpectedly in 2019/2020, the church community slowly but surely started lifting our heads again. We longed for the wonderful sociability of our traditional faith community.

The WDP 2023 theme encourages us to renew and reconcile our faith in Jesus Christ. Our Heavenly Father urges and encourages us: " For this reason, ever since I heard about your faith in the Lord Jesus and your love for all God's people, I have not stopped giving thanks for you, remembering you in my prayers." (Ephesians 1:15-16) Let us focus and commit ourselves to not disappoint God, but to feed and strengthen our faith.

The worship booklet is a resource material and is compiled by the writer country (Taiwan) under the guidance of the International Committee. It is adapted for Southern Africa's environment by the South African Program Committee. The program is translated into eight of the official languages spoken in South Africa. The program is a support to putting together the worship service. Feel free to shorten the program to the style of worship and needs of your local community.

SUGGESTIONS ON THE PRESENTATION OF THE THEME, "I have heard about your faith":

- *Look at the "Preparation" on p3 of the Worship Service.*
- *Hand out a card to each member for use during Reflection.*
- *Table in the Worship area: Cover it with a blue cloth (Taiwan is surrounded by the ocean), a green cloth, that symbolizes the mountains, a yellow and white cloth, as a symbol for the natural resources.*
- *Decorate the table with lilies and orchids or fold paper flowers, as well as a Bible, opened at Ephesians 1:15-19.*
- *Place a map of Taiwan, in the form of a puzzle on the table.*
- *Bring the story alive in your own context, and let everybody reflect on her own faith in God.*
- *Create enough opportunity for personal or local prayer during Spontaneous Prayers.*
- *The Power point and Music CD are available to give extra background and atmosphere to the service.*

ARTWORK OF COVER DESIGN: "I have heard about your faith"

The women sit in silent prayer next to a little stream, while they look up to the dark. Despite the uncertainty of the path ahead, they know that the salvation of Christ has come. Two endangered species are featured: the Mikado pheasant and the Blackfaced Spoonbill. The green grass and Butterfly orchids stand out against the dark background. Green grass represents the Taiwanese as simple, confident, strong and under God's care.

ADVERTISING

This day can also be observed in the workplace, in primary and high schools, Bible study groups, ladies' breakfasts, care homes for the aged, etc. Promote this event in the church and as widely as possible in your area. Follow our FB page for clips, prayers, information, etc. as a tool for your virtual services.

FINANCES

The offerings received are the ONLY source of income for the WWDP, hence we appeal to you to send the offerings to the office. WWDP pays out donations from the offerings to charities in various provinces, as resolved by the National Committee on behalf of all women of WWDP, which further shows that we are one in Christ. Due to the fact that the cash fee charged by the banks is extremely high, we request you to please help us save money by using EFT payments, as far as possible.

If you have any queries, please contact the office (082 450 9305)
or visit the website: www.wwdp.co.za or email us: wwdpsa@gmail.com